

purported dialogue between John Ross and Shaka eg. p.124, p.192. Unhelpful verbosity often hinders understanding; a few examples of this: the bizarre description of Nandi on page 176; “meretricious” p.171 describing trading goods like beads which were increasingly such a significant part of the Zulu culture, and linguistic “glitches” - p.194, I do not find in my Concise Oxford Dictionary. I am extremely curious to ascertain why Stephen Gray describes John Ross, who at 14 years of age successfully completed the return trip to Delagoa Bay from Townshend (not Townsend) for medicine and other supplies, thus: “spindly”, p.23; “milk-sated child”, p.201. The source of the legend must have had some worthwhile physical attributes.

Stephen Gray confirms that Charles Maclean was John Ross on p.200. The hunting anecdotes are valuable: pp. 82-84 and p.99. Some of the statements made by the author seem to be over-reaction eg. “staggering number of half-caste children”, p.165; comparing Norton’s mutiny with the “Bounty” when it was “mutually agreed”, p.58; slavery was the issue, p.164, and “three great leaders”, p.155. Dommana’s story on page 93 was very moving, but I don’t go along with Gray’s comments.

The volume proves convincingly that John Ross and Francis Farewell were significant pioneers in this early period of Natal’s history. The book would have been a lot more valuable had the author been more objective and conscious of historical method in his text. But then possibly it would have been less interesting and controversial.

**Dr. A.E. Cubbin**  
*University of Zululand*

**J. Mathews, K. Moodley, W. Rheeder en M. Wilkinson:** *Discover History. A pupil-centered approach to history method.* Maskew Miller Longman, Cape Town, 1992. 167 pp. R27,44. ISBN 0636012549.

Hierdie is ’n nuttige toevoeging tot ’n toenemende aantal publikasies wat handel oor die metodiek van Geskiedenisonderrig in primêre en sekondêre skole.

Die skrywers maak in hulle voorwoord daarop aanspraak dat hulle vaardigheidsgerigte fokus “will ensure the relevance of the subject in a new South Africa” wat waarskynlik ’n ietwat ambisieuse oogmerk is. Nietemin is die publikasie ’n verfrissende bydrae tot ’n benadering waar vaardighede, houdings en konsepte groter prominensie geniet. Insgelyks word empatie as ’n vaardigheid hoog aangeslaan. Kortom, die skrywers is kennelik op hoogte van die huidige tendense in die onderrig van Geskiedenis.

In 21 hoofstukke word ’n logiese samehang van talle didaktiese probleme en fokuspeunte rakende

Geskiedenis as ’n skoolvak gegee. Daar word begin met hoofstukke oor die aard en nut van Geskiedenis. Daarna word vaardighede, bronne en talle onderrigmodes soos die neem van notas, werkkaarte, vraagstelling en projekwerk behandel. Daar word ook aandag gegee aan evaluering, die skryf van opstelle en die mediasentrum. ’n Interessante byvoeging is die hoofstuk oor die rekenaar en Geskiedenis.

Vir die plaaslike geskiedskrywer is die feit dat die hele publikasie fokus op historiese vaardighede ter sake en die hoofstuk oor lokale geskiedenis is ’n verdere bonus omdat dit die belangstelling in plaaslike Geskiedenis kan stimuleer.

Kyk ’n mens meer krities na die publikasie, dan moet ’n mens toegee dat dit ’n nuttige publikasie vir die onderwyser is, maar dat dit nie die klassieke publikasie van Boyce vir die onderrig van Geskiedenis op skool as standaardwerk op vakdidaktici se boekrakke sal vervang nie. Daar is byvoorbeeld te min bronne wat in die aanbieding geïntegreer word. (’n Mens dink hier aan ’n relevante leeslys aan die einde van elke hoofstuk). Daarby is dit myns insiens nie sonder ’n deeglike beredenering aanvaarbaar dat skoliere as klein historici opgelei moet word nie. Uit ’n vormingsoogpunt is so ’n standpunt minstens aanvegbaar.

Aan die positiewe kant moet daar, naas dit wat reeds gesê is, beklemtoon word dat hier kreatief en vernuwend oor Geskiedenis op skool gedink word. Daar is dan ook heelwat prikkelende voorbeelde van die integrasie van dokumente in die onderrig van Geskiedenis (’n mooi eksemplaar is die Retief-Dingaan oefening - p.31 e.v.). Die fokus wat op empatie geplaas word is ook te verwelkom. Laastens word daar ook vernuwend gedink oor die verwerwing van ’n tyd-belewing in Geskiedenis.

Die boek word baie sterk aanbeveel vir alle voornemende Geskiedenisonderrysers wat op ’n sistematiese, dog eenvoudige, wyse ’n vaardigheidsbenadering in hulle vak wil vestig.

**Prof. Martin Trümpelmann**  
*R.A.U.*

**Glen Moss en Ingrid Obery (reds.):** *South African Review 6 From ‘Red Friday’ to Codesa.* Ravan Press, Johannesburg, 1992. 508 pp. Prys onbekend. ISBN 0 86975 418 1

Die verskyning van volume 6 van die *South African Review* is te verwelkom, aangesien die vorige vyf volumes in hierdie reeks dit reeds as ’n stewige naslaanwerk gevestig het. En kyk mens net na die inhoudsopgawe van hierdie nuutste volume, is dit al duidelik dat ook hierin ’n magdom inligting oor die mees resente geskiedenis van Suid-Afrika op ’n breë veld aangebied word. Daar is geen ander publikasie van hierdie